

29 Augustus

Jona 4:1-6

Kwaad vir God se liefde

Hoe is dit tog moontlik dat Jona so kwaad en ontevrede kon word? Ons lees dan in die Nuwe Testament dat God en sy engele oor die bekering van een sondaar juig (vergelyk Luk 15:7 en 10). En hier is 'n stad met duisende inwoners wat hulle bekeer het, maar Jona is daarvoor baie kwaad. Hoekom reageer hy so? Hy het dan na Nineve gegaan met gehoorsaamheid en geloof en nou is hy bitter kwaad. Die oorsaak vir hierdie reaksie gee hy in 4:2. In sy gebed toon Jona sy vooropgestelde ideë dat die Jode God se uitverkore volk is en dat slegs hulle op God se liefde kan aanspraak maak. Die heidene moet deur God gestraf word en kan nie God se genade ontvang nie.

Jona se gebed is nie die gebed in geloof nie, maar een van trotse self-handhawing. In sy gebed wil hy eintlik vir God 'n lesing met sy wonderlike insig gee deur aan te toon dat hy reg en God verkeerd is. Dit gebeur met gelowiges wat nie omstandighede kan aanvaar nie. Wanneer jy dan bid wil jy met God stry en Hom daarop wys dat Hy verkeerd is.

Twee maal spreek Jona die wens uit dat hy eerder wil sterf (vers 3 en 8). Dit kan gebeur dat jou kwaad-wees teenoor die Here omdat Hy dinge anders beskik as wat jy dink reg is, oorgaan in 'n gevoel dat jy nie meer wil lewe nie. Maar by God is daar geduld en nugterheid en met sy vrae aan Jona wil die Here Jona uit die emosionele maalkolk kry deur daarvoor met nugterheid te praat. Die vraag van God in vers 4 het nie Jona se kwaad-wees weggeneem nie, maar wel sy mond toegemaak.

Sing Psalm 9:12 en 13

Dr. S.J. van der Walt (Cachet)